VRYPOS

Weeklikse Nuusbrief van die **NG Kerk Vrystaat**

Jaar 14 - Uitgawe 20
Kontak ons:
kerkinfo@ngkvs.co.za
www.ngkerkvrystaat.co.za

17 Junie 2016



1. VRYSTAATNUUS/GEBEURE & INLIGTING:

Jaarboek 2017: Die gemeentes en ringskribas wat nog nie hulle gewysigde inligting ten opsigte van die 1ste rondte vir Jaarboek 2017 ingedien het nie, die **sperdatum is 15 Junie 2016** - stuur asseblief **spoedig** gewysigde inligting na **kerkinfo@ngkvs.co.za**

Uitnodiging na UV - Fakulteit Teologie se nagraadse opedag: Almal wat in Teologiese nagraadse studie belangstel, word na hierdie geleentheid uitgenooi. Dit vind op **Woensdag 22 Junie 2016 om 10:00** in die Teologiegebou, Kamer 21 op die UV-Kampus plaas. Die program is:



09:00 – 10:00 Algemene verwelkoming – Eeufeessaal
10:00 – 11:00 Aanbieding in Teologiegebou, K21
11:00 – 12:00 Gesprekke met studieleiers, Teologiegebou, K21

Vir enige navrae, skakel 051 401 2617, of stuur 'n e-pos na **moosthuizen@ufs.ac.za**

Uitnodiging na Boekbekendstelling: Gedurende 2015 het die NG Kerk-Familie, Vrystaat, hul 150-jarige bestaan gevier. Tydens hierdie geleentheid kon persone aan 'n fotokompetisie deelneem om dié familie se kerkgeboue, ensovoorts, in verskeie kategorieë uit te beeld. Die kompetisie het gelei tot 'n fotoboek, ***Die NG Kerk Familie Vrystaat 150 Jaar***, wat tydens die *Vryfees* se Literatuurfees op **Donderdag 14 Julie 2016, om 10:00** in die ATKV-Eeufeessaal (UV kampus), bekend gestel gaan word. Barnard Steyn lei die gesprek in, met Jan van der Merwe (redakteur), Jan Lubbe (leraar, NG Berg en Dal leraar) en Jan en Petria Smit (argitekte), as paneellede. Kaartjies vir bywoning van die geleentheid beloop R20pp en is by *Computicket*, asook by die deure beskikbaar. Die fotoboek sal vir die eerste keer dáár te koop wees.



Water Lewe Fotokompetisie: Gebruik die komende skoolvakansie om besondere foto's van water in die volgende drie kategorieë te neem: *Wonder van water, Dors na water en Woeker met water*). Klik **hier** vir al die inligting en **hier** vir finale reëls en voorwaardes. Registreer deur op **www.ngkvrystaat.co.za** te klik (let wel, dit is slegs 'n webblad om te registreer, dit is nie die amptelike webblad van die NG Kerk Vrystaat nie!)

Alle ingeskrewe foto's mag slegs in die Vrystaat en Noord-Kaap afgeneem wees – sluitingsdatum is 15 Julie 2016.

VBO:

Volgende VBO-Geleentheid

Datum:	**20 Julie 2016**
Tema:	***Gesonde Verhoudings***
Aanbieder:	Gustav Gouws - bekende spreker Hierdie werkswinkel word opgevolg met 'n retraite op 12 & 13 Augustus wat weer deur Gustav Gouws aangebied sal word.
Plek:	Sal nog bekend gemaak word.
Registrasie:	SMS D67252 en u naam na 31029.

T: 051- 401 3995 | E: shepherd@ufs.ac.za

Werkswinkel oor Kreatiewe Fasilitering te Menuha: By hierdie werkswinkel (**4 & 5 Augustus 2016**), stel Roelf Opperman (leraar, NG Kameeldrif), Johan van den Heever (leraar, NG Eldoraigne) en Fritz Snyman (leraar, NG Universiteitsoord) van die *Bronze Baobab* Toerustingsgroep (**http://bronzebaobab.com**), deelnemers aan die volgende bloot:

- die teorie en praktyk van fasilitering
- fasilitering van konfliksituasies
- fasilitering in vasgeloopheid (*stuckness*)
- bestuur van verandering
- akkommodering van verskillende spiritualiteite
- kommunikasievaardighede binne groter groepe
- praktiese gereedskap (*tools*) vir kreatiewe fasilitering

Datum: Donderdag 4 Augustus vanaf 10:00 tot die namiddag van Vrydag 5 Augustus 2016
Plek: Menuha, tussen Brandfort en Bloemfontein (klik **hier** vir 'n roetekaart)
Koste: R 200pp (eie reiskoste)
Inskrywings/navrae: Joanie by **gemeentes@ngkvs.co.za** **teen Vrydag 22 Julie 2016 (plek vir slegs 20 kursusgangers)**

2. ANDER GEBEURE:

Internasionale Dag teen Dwelmmisbruik en die Onwettige Handel in Dwelms: Hierdie geleentheid vind op **Sondag 26 Junie 2016** plaas en die Aurora Sentrum in Bloemfontein is 'n SANCA fasiliteit en SANCA gebruik dié week om die gemeenskap hiervan bewus te maak. Hulle wil graag hê dat elkeen in die gemeenskap iets moet kies wat vir hom/haar belangrik is en probeer om hom/haarself vir 'n week daarvan te weerhou. Dit gee die gemeenskap (elke individu) die geleentheid om te ervaar hoe moeilik dit is om afhanklikheid aan te spreek – só probeer hulle dus om begrip hiervoor kweek. Personeel by Aurora Sentrum het ook strooibiljette en metaallinte met 'n sleuteltjie aan, of 'n plakker wat gebruik kan word om die gemeenskap bewus te maak van jou weerhouding wanneer jy dit dra. Hulle verkoop die metaalstrikkies en plakkers teen R10.00 elk. Kontak Aurora Sentrum by 051 447 7271/5, of stuur 'n e-pos aan **info@auroracentre.co.za**



Internasionale Vigskonferensie na 15 jaar weer in Durban: Die Internasionale Vigkonferensie vind vanaf 18 tot 22 Julie 2016 in Durban plaas. 'n Verwagte 1800 wetenskaplikes, gesondheidswerkers en gemeenskapsaktiviste word verwag by die belangrike kongres wat tweejaarliks gehou word. Die vorige Durban-konferensie in 2001, word deur baie gesien as 'n waterskeidingsmoment, toe die stemme van mense soos pres Mandela en Nkosi Johnson dramatiese veranderinge in die behandeling van mense met MIV in die publieke sektor teweeggebring het. Soos toe, is die epidemie weer op 'n mespunt. Mense voel dikwels dat die probleem opgelos is en jy lees selfs dikwels van 'The end of AIDS", maar die realiteit is ver daarvandaan. In Suid Afrika was daar in 2014 steeds byna 'n duisend infeksies per week en, ten spyte van reuse vordering, het mense steeds nie orals toegang tot medikasie nie en leef 36.7 miljoen mense tans met die virus. Kenners is dit eens dat die droom van 'n wêreld waar MIV nie meer 'n publieke gesondheidskrisis is nie, slegs 'n werklikheid kan word met 'n intensiewe en gefokusde program oor die

volgende vyf jaar. Geloofsgemeenskappe het steeds 'n belangrike rol om te speel en die aspek sal spesifieke aandag kry by die "Faith on the Fast Track PreConference" wat op 16 en 17 Julie 2016 ook in Durban plaasvind. CABSA werk saam met die *Ecumenical Advocacy Alliance* van die Wêreldraad van Kerke om 'n besondere en uitdagende konferensie te reël. **Gemeentes word uitgenooi om ook deel hiervan te wees en by dié belangrike saak betrokke te raak.** Inligting oor die konferensie en ander geloofsgebaseerde aktiwiteite is beskikbaar by **http://www.iacfaith.org**

Brugbediening, vir wanneer ons ernstig oor gemeentes is: In ons land met al die onrustige omstandighede en kwessies, kan mense maklik in 'n negatiewe gemoedstemming raak. Dit kan ook met gemeentes gebeur. Daar word dan ook meermale gepraat van "depressiewe gemeentes" en "neerslagtige gemeentes". Dit hang waarskynlik saam met soveel veranderings en verskuiwings wat in die kerk en samelewing in ons tyd, in ons land plaasvind, dat kerklike gemeenskappe somber en bedruk raak. Benaderingswyses wat tevore geslaag het, maak nie meer sin nie. Maar gemeentes se vasval, kan ook saamhang met die gevaar dat gemeentes hulle roeping en die doel van hulle bestaan nie duidelik verstaan nie. Predikante wat in Brugbediening opgelei word, hoef nie noodwendig as brugpredikante in gemeentes op te tree nie. Die insigte en vaardighede tydens die opleiding opgedoen, is waardevol vir die "gewone" gemeente, maar gemeentes kan voordeel trek veral tydens predikantsvakatures wanneer opgeleide brugpredikante hulle op 'n tydelike basis kan begelei om hulle roeping en taak as gemeente van Christus opnuut en beter te verstaan en met vreugde kan vervul. Die Brugbediening wil gemeentes help om die veranderinge en effek daarvan op die gemeentelike lewe beter te hanteer en opnuut te leer verstaan wat kerk-wees beteken. Die volgende kursus vind **vanaf 29 Augustus tot 1 September 2016 (Week 1) en vanaf 7 tot 10 November 2016 (Week 2), in Pretoria** plaas. Die Brugbedieningskursus word vanjaar in sy geheel opnuut deurdink en vars aangebied. Vir meer inligting, kontak direk vir Stephan de Beer by **Stephan.debeer@up.ac.za**, of vir Malan Nel by **malannelup@gmail.com / malan.nel@up.ac.za** - besoek ook die webblad by **www.ccm.up.ac.za**

3. NUWE PUBLIKASIES / NUUSBRIEWE:

CLF pamflette - Kyk met Jesus se oë na die persoon op straat: Die verflenterde kind by die verkeerslig staar met smekende oë na jou en al probeer jy hard om hom mis te kyk, brand die skuldgevoel in jou hart as jy wegry. Sê God dan nie in sy Woord dat ons dié wat honger is moet voed en klee nie? Maar as jy gee, gaan dit baie maal net vir drank en dwelms… So wat moet jy doen? Klik **hier** vir meer inligting oor hóé ons as Christene en ook gemeentes toegerus kan word om hierdie situasie op die regte wyse aan te spreek.

Bybel-Media Nuusbrief 12/2016: Die week is die fokus op die jongste *Kerkbode*, die Julie-uitgawe van *LiG* en die *SingsaamPro* – rekenaarprogram - klik **hier** vir volledige nuusbrief.

4. VERJAARSDAE: Baie geluk aan die leraars wat gedurende die komende week verjaar:

18 Junie:
Ds Hansie Swart - FAUNA - 051 421 1864, 083 417 3536, **hansies@lantic.net**

19 Junie:
Dr Pieter van Jaarsveld - BOTHAVILLE - 056 515 2209, 082 852 5702, **pjvanjaarsveld@telkomsa.net**
Ds De La Harpe le Roux - TORINGS VAN HOOP (NG TWEETORING) - 051 436 1969, 083 232 1051, **dvleroux@telkomsa.net**

23 Junie:
Dr Ben Joubert - RIEBEECKSTAD - 057 388 1533, 082 921 0348, **b.joubert@absamail.co.za**

9. TEN SLOTTE:

Groetnis.

THEA BOSMAN
Samesteller/Redaksioneel: **kerkinfo@ngkvs.co.za**
Kommunikasie - NG Kerk Vrystaat
Tel: 051 406 6719 Faks: 086 502 0821

INDIEN JY OP ***VRYPOS*** WIL **INTEKEN**, KLIK hier **(meld asseblief ook jou gemeente/dorp)**

AS JY ***VRYPOS*** WIL **KANSELLEER**, KLIK hier

Gee gerus vir ons terugvoer oor *Vrypos* by **kerkinfo@ngkvs.co.za** – stuur ook enige nuusgebeure, inligting na hierdie adres.

NG KERK VRYSTAAT WEBBLAD: **http://www.ngkerkvrystaat.co.za/**

NG KERK VRYSTAAT FACEBOOK: Like

VRYWARING / DISCLAIMER – Klik hier

CLF - KYK MET JESUS SE Oë NA DIE PERSOON OP STRAAT:

Kix Kinderbediening van Wes-Kaap Sinode het in 2016 "toxic charity" as tema aangepak, met hul Otjiekos-projek wat kinders leer om die persoon op straat op die regte manier en met menswaardigheid te hanteer***. Christelike Lektuurfonds*** het hul hand gevat met twee pamflette wat ons as Christene leiding gee om hierdie sosiale probleem op die regte manier aan te pak. Die een pamflet genaamd, ***"Die mense by die verkeerslig"***, gee leiding aan kinders en, ***"Hoe gemaak met mense op straat"***, is bedoel om volwassenes te help om anders te dink oor hierdie saak.



Kix-Kinderbediening se Otjiekosprojek

Beide pamflette is gratis beskikbaar by ***Christelike Lektuurfonds*** met 'n minimum van 10 en maksimum van 1500 gratis pamflette per jaar. Bestel gerus daarvan en gebruik dit op die volgende manier in jul gemeente:

1. Sit dit by die deure van die kerk of in die gemeentesentrum/saal waar lidmate dit kan neem om hulself te bemagtig.
2. Gebruik dit as tema vir 'n preek oor byvoorbeeld barmhartigheid en deel dit dan aan volwasse lidmate, sowel as by die kinderkerk/sondagskool uit.
3. Al het julle kerk nie 'n Kix-bediening nie, deel Kix-Kinderbediening graag hulle idees op hul webblad by **www.kixkinders.co.za**. 'n Hardekopie van die Kix.com-kwartaalblad, propvol praktiese idees en lesse, kan ook bestel word by José, 021 808 9050.
4. Identifiseer 'n sopkombuis, nagskuiling of enige ander plek in jul omgewing wat op gestruktureerde wyse hulp verleen aan diegene op straat, laat druk plakkers met hul kontakbesonderhede en plak dit op die pamflette. Deel dan hierdie pamflette met plakkers by verkeersligte in die dorp uit en motiveer motoriste sodoende om eerder die plek te ondersteun as om geld aan bedelaars te gee.

Vir meer inligting of bestellings van pamflette, skakel Christelike Lektuurfonds by 021 873 6964, of stuur 'n e-pos na **info@clf.co.za**, of kliek op die skakels, **http://bit.ly/22XJZKb en http://bit.ly/1UkyTN8** om dit direk van CLF se webtuiste te bestel.

TERUG NA INHOUD

BYBEL-MEDIA NUUSBRIEF 12/2016:

KERKBODE

'Hoop groei in donker plekke'

Lees in jongste Kerkbode: In *Kerkbode* van 16 Junie word die verhaal vertel van hoe bendelede in tronke met liefde en geduld deur gelowiges die kans gegee word om nuut te begin.

Lees ook hoe die Groote Kerk in Kaapstad help om 'n dogtertjie wie se ma vermoor is, 'n kans in die lewe te gee.

Daar is nuus uit die Winterskool wat by die Universiteit van Stellenbosch aangebied is, asook oor die groot aantal dominees wat die NG Kerk gaan nodig hê.

In die gay-debat word daar in hierdie uitgawe gekyk na die rol wat die belewenisse van gay mense in die debat speel en in die reeks oor kuns en die kerk, kom twee skilderye van Vincent van Gogh aan die beurt.

Lees in die Julie-uitgawe van LiG: Hanna Grobler wys God se hart vir swaarkrymense en vertel ons hiervan in die jongste LiG.

Sorina Erasmus glimlag trots oor haar babadogtertjie in 'n eksklusiewe reeks foto's vir LiG.

Predikant Barend Vos gee woorde vir ons gebede met sy boek uit Psalms.

Kry jou dissiplinegids vir moderne ouers, leer hoe 'n omgee-gesin leef en kry wenke vir 'n gesonde tweede huwelik.

Kom ontdek saam hoekom ons God as Vader, Seun en Heilige Gees aanbid.

En stap saam op 'n man se ontdekkingstog van God se genade ná sy kankerdiagnose.

LiG – vir jou en jou mense.

SingSaamPro – Rekenaarprogram:

Orrelbegeleiding:

- vir elke lied in die Liedboek met 'n kerkorrel/huisorrel-klank wat deur 'n rekenaar gegenereer is;
- vir elke lied in die Liedboek met snitte van die Bybel-Media-CD (met begeleiding wat met 'n egte meganiese pyporrel opgeneem is), met 'n kerkorrel van Joop van der Ham (slegs sommige liedere wat opgeneem is);
- vir die 150 psalms van Totius (wat die Geneefse melodieë insluit), asook vir die 91 Skrifberymings van die GKSA.

Vertoon die teks:

- Al die liedere van die Liedboek, 150 psalms en 91 Skrifberymings kan vanaf die rekenaar op 'n skerm vertoon word en dit loop outomaties saam met die musieksnitte.
- Jy kan jou eie PowerPoint-skyfies intrek.

Ander musieksnitte:

- 50 musiekopnames geskik vir voor-, na- en kollektespel.
- Jy kan jou eie MP3-musiek intrek.
- Jy kan jou eie begeleiding intrek.

Hoe werk SingSaamPro?: SingSaam word versprei op 'n 8 GB-stokkie wat vir 5 jaar gewaarborg is. Al wat jy nodig het, is 'n rekenaar wat aan 'n dataprojektor en 'n klankstelsel gekoppel is. Dit kan ook by kampe, bosberade en bidure gebruik word. Vir eredienste kan die liturgie vooraf opgestel en gestoor word. Daar is 'n "Kitssing"-opsie waar liedere spontaan gekies en begelei kan word. Die musiek en teks is onmiddellik gekoppel en gereed. Daar is kort ***opleidingsvideo's*** wat jou wys hoe om die program te gebruik. Jy kan aansluit by die SaamSing-gemeenskap by Saamgesels op *Facebook* en *YouTube*. Die SingSaam-program werk op alle *Windows*-gebaseerde rekenaars (XP en meer).

Wie is SingSaam?: SingSaamPro is 'n rekenaarsagteware-maatskappy wat die programmatuur "SingSaam" ontwikkel het. Alle tegniese bystand word deur SingSaamPro verskaf, nie deur Bybel-Media nie. Bybel-Media het slegs hulle produkte beskikbaar gestel. Jy huur die program by SingSaamPro. Gemeentes moet steeds hulle Liedboek-lisensiegeld aan CCLI betaal om toegang tot SingSaam te hê.

Hoe bestel jy SingSaam?: Vir enige navrae, kontak vir Faani (faani@flam.co.za) by Bybel-Media Kerkmusiek.

Slegs gemeentes met 'n CCLI Liedboek-lisensie kan SingSaamPro aankoop op hul gemeenterekening.

Meld asseblief in die e-pos wat die adres is vir aflewering. Sodra ons bevestig het dat die gemeente se lisensiegeld op datum is, sal SingSaamPro die stokkie in die gemeente se naam registreer en aan die gemeente besorg - prys: **R2030.00** (BTW ingesluit).

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
Of koop direk met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za, klik dan op winkel.

TERUG NA INHOUD